TERUGVOER – SANPO KONGRES 4 & 5 APRIL 2008 TE OOS-LONDON

1. **SANPO UNIEKE NOMMERS**

Alle lede in Unies moet registreer by SANPO sowel as al hulle besonderhede moet voorsien word. (Aanhangsel 1).

2. **TOETSING VAN DUIWE**

Hierdie saak is weereens bespreek en daar was slegs vyf (5) toetse gedoen gedurende 2007 wedvlugseisoen. Besonderhede is nie bekendgemaak nie. Daar word verwag van Klubs om wel toetse te laat doen.

3. **SPCA**

SANPO verkeer tans op ‘n baie goeie voet met die SPCA en hulle het gedurende die vorige seisoen vragmotors nagegaan en inspeksies gehou met betrekking tot die versorging van die duiwe tydens vervoer periodes. Op hierdie stadium was hulle tevrede met die behandeling van die duiwe gedurende vervoer van duiwe.

Duiwe moet ten alle tye water gegee word voor vrylating. Duiwe moet kos kry bo afstande bo 300 Km of waar duiwe op ‘n Donderdag gemandjie word.

4. **FINANSIES**

Die SANPO finansiële state was bespreek en SANPO finansies is gesond.
Geen verhogings is aangekondig nie en ledegelde by R30.00 per lid.

‘n Taakspan gaan saamgestel word om te kyk na die finansiële implikasies en die kwyn van die duiwesport. Hierdie komitee sal bestaan uit persone wat nie aan die betrokke is by die duiwesport nie. SANPO sal die saak verder voer.

5. **NASIONALE HOKKE**

Die verloor van duiwe by Sun City en ander hokke is bespreek. Die vorige seisoen is daar geweldig baie duiwe verloor landwyd en dit blyk dat die verliese by die hokke in lyn was met die res van die land. Daar word gevra dat die hokke ondersteun moet word want dit help om die duiwesport te bevorder.

Noord-hokke het gesluit as gevolg van te min belangstelling.

SUN CITY VEILINGS - Daar was in 2005 R400 000 en in 2006 R450 000 deur die verskeie Klubs landwyd verdien met die Sun City veilings. Klubs verdien 15% van veiling opbrengste. In 2006 was daar 162 aansoeke van Klubs om veilings te hou en slegs 58 het duiwe gekry om te verkoop.

Daar word voorgestel dat SANPO elke jaar by die Sun City wedvlug ‘n stalletjie moet hê waar plaaslike en oorsese mense Suid-Afikaanse artikels i.v.m. die duiwesport kan koop.

Daar word ook voorgestel dat die wedvlug vroeër moet plaasvind. As gevolg van ander geborgde verligtinge wat deur Sun City aangebied word, kan dit nie na ‘n vroeër tyd geskuif word nie.

6. **RINGE**

Daar word gekla oor die prys van Elektroniese ringe. Op hierdie stadium is dit buite SANPO se beheer en kan hulle nie iets aan die saak doen nie.

Daar is tans onderhandelinge aan die gang waar SANPO gaan poog om Elektroniese ringe te laat vervaardig met ‘n unieke nommer toegeken aan ‘n spesifiek lid wat slegs hy sal kan gebruik. Geen ander persoon sal die ringe kan gebruik nie. Gewone ringe sonder Unieke nommers sal ook nog beskikbaar wees. Hierdie ringe sal dan elke jaar vanaf SANPO bestel kan word.

Daar is oorsee vasgestel dat ringe gekloon kan word sodat twee ringe dieselfde informasie op die klok kan registreer. Daar is ‘n lys beskikvar gestel deur SANPO met wettige ringkodes. (Sien aanhangsel 2)

LET WEL! As gevolg van bogenoemde MOET aanhangsel 1 ingevul word deur die verskillende Klubs en terugbesorg word aan Danie van Staden, Posbus 585, Standerton, 2430. Sel nommer 082 924 4799.

Neem asseblief kennis dat die “**Operator**” op die vorm die persoon is wat die vorm voltooi het. Die ID Nommer MOET asseblief voltooi word aangesien dit die belangrikste inligting op die vorm is.

7. **MERIETE KLEURE**

Meriete vorms sal beskikbaar gestel word en moet deur die verskillende Klubs ingevul word vir persone wat kwalifiseer.

8. **NASIONALE SKOU – BLOEMFONTEIN 3 MEI 2009**

Die skou sal weer op genoemde datum te Bloemfontein aangebied word.

9. **SANPO KONGRES 2009**

Die 2009 SANPO kongres sal gehou word in GEORGE en die datum sal later bekendgemaak word.

10. **HANDKLOKKE**

Daar bestaan ‘n groot behoefte onder die Kluerling gemeenskap in die Kaap Provinsie vir handklokke. Daar word op hierdie stadium een klok vir meer as een lid gebruik en ‘n beroep word gedoen deur Mnr Henry Stiglingh op lede wat nog oor handklokke beskik om dit te skenk aan hierdie klubs. Kontak Danie van Staden indien daar sulke klokke beskikbaar is.

Danie van Staden